

6 Desember

**Skrifgedeelte: Matteus 28:1-10**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Matteus 28:8**

**Jy het die mega-vreugde: jy is verlos! Ons is verlos!**

Mens kry die indruk dat ons ons vreugde met allerhande moeilike dinge demp. Dis ons eie skuld, want ons spits ons aandag nie toe op God se almag nie, maar op wat ek moet of wil doen. Ons probeer ook vreugde in die dinge van ons sondige natuur vind.

Nou wil ek jou vra om eerlik te antwoord: Kan vrye seks, pornografie, lelike sms'se, ateïsme, satanisme, spookjagtery, wraak, woordewisselings, drankmisbruik, dwelms, medikasie-misbruik en sulke dinge jou enige vreugde bied? Nog net een keer ...

Nee, vreugde kom van binne jou, want die Heilige Gees woon in jou. "Vreugde" is Deel 2 van die vrug van die Gees. "Chara" is die Griekse woord. *Chara* beteken: blydschap, opgewektheid, vreugde, blymoedigheid, vrolikheid. Ja, *chara* beteken dat jy in 'n staat of toestand van blydschap is, dit is 'n ekstatische toestand van vreugde! Jou hart dans, al is jou omstandighede nie so mooi en maklik nie.

Toe Jesus uit die dood uit opgestaan het, het daar vroue na sy graf gaan kyk. Hulle sien toe dat die graf oop is en Jesus se liggaam is weg. Die boodskap word aan hulle gegee: Jesus het uit die dood uit opgestaan. Jesus staan skielik daar reg voor hulle en Hy stuur hulle om 'n boodskap te gaan gee. Hulle is ekstasies bly, *bang, maar bly!* So het jy ook mega-ekstatische vreugde: jy is verlos! Ja, jy is bang omdat jy 'n mens is, maar jy is ontsettend bly omdat jy die Heilige Gees binne-in jou het. Al is daar dalk nou dinge wat jou baie bang maak, in jou gees is daar spontane blydschap.

Mag die vreugde in jou sterker word en mag jy ander mense ook ekstasies bly maak met die boodskap: ons is verlos! Jy is verlos!

*Sing: Psalm 32:4*

*Ds. J van Schaik (Randburg)*